# Die plek en funksie van topologie as teologiese belangeruimte in die struktuur van die Matteus-evangelie

**G J Volschenk**[1]

**Navorsingsassosiaat: Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## The place and function of topology as theological point of interest in the structure of the Gospel of Matthew

***This article focuses on the place and function of topology within the structure of Matthew. An overview of the different models on the structure of Matthew shows the dominance of the chiastic model. The author uses the topological-chiastic model to illustrate the significance of the landscape and topology in the Gospel of Matthew. The aim of the article is to emphasize the significance of house, land and topology in Matthew's Gospel from a theological perspective. The conclusion is that there is a relationship between the chiastic structure of Matthew and the topological movement in the plot of Matthew.***

## 1. INLEIDING

Hierdie artikel fokus op die plek en funksie van topologie binne die struktuur van Matteus. In afdeling 2 word aan enkele oorwegings aandag gegee wat in ag geneem word wanneer die struktuur van Matteus bespreek word. Vervolgens word in afdeling 3 'n oorsig gegee van die verskillende modelle wat in die verlede gebruik is om die struktuur van die Matteus-evangelie te beskryf. Die topologies-chiastiese model toon die belangrikheid van landskap en topologie in die Matteus-evangelie aan en geniet dus voorkeur. Die doel van hierdie studie is om

[1] Dr Gert J Volschenk (MDiv, DD) is as navorsingsassosiaat betrokke by prof dr Andries G van Aarde se navorsingsprojek "Bybelse Teologie en Hermeneutiek", Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

die fokus te plaas op die huis, land en topologie as teologiese belangeruimte in die Matteus-evangelie. In afdeling 4 word die indeling van die topologies-chiastiese model gebruik in die interpretasie van die Matteus-evangelie. Die belangrikheid van topologie sal aangetoon word, maar die vraag is: Wat is die verband tussen die chiastiese struktuur van Matteus en die *topologiese beweging* binne die plot van Matteus? Wat is die verband tussen die topologie en die dominante teologiese of ideologiese perspektief van die evangelis? Wat is die verband tussen die fisiese topologie en die simboliese betekenis daarvan? In afdeling 5 word Jesus se bediening in Galilea ondersoek. Hierdie navorsing toon die plek en funksie van topologiese besonderhede van Matteus aan binne die spesifieke sosio-historiese agtergrond van Galilea. Die sosiaal-wetenskaplike ondersoek in hierdie artikel maak gebruik van die model van die gevorderde agrariese samelewing as interpretasieraamwerk.

## 2. OORWEGINGS BY DIE STRUKTUUR VAN MATTEUS

’n Verskeidenheid van kenmerke behoort in ag geneem te word wanneer die struktuur van die Matteus-evangelie ondersoek word. Eerstens, word die genre van die Sinoptiese Evangelies bepaal, dan spesifiek dié van die Matteus-evangelie. Tweedens, word die teologiese tendense van die outeur na aanleiding van die struktuur in ag geneem. Redaksiekritiek en literêre kritiek het ons aandag gevestig op die evangelis se bydraes en literêre strategie (kyk Combrink 1982:61-90). Die evangelies is ’n weergawe van die onderskeie evangeliste se teologiese en literêre perspektief. Die outeurs van die evangelies is meer as historici (McKnight 1992:530). Derdens, word die struktuur van sekere dele van Matteus bepaal na aanleiding van die tradisie en bronne wat die evangelis gebruik het. Matteus 4-13 is grotendeels Matteus se unieke[2] skepping, terwyl Matteus 14 e v sterk ooreenstem met die struktuur van Markus (vgl Davies & Allison 1988:62-72). Markus en die tradisie het dus ’n groter invloed gehad as Matteus se eie weergawe van die evangelie. Vierdens, word die opeenvolging

[2] ’n Belangrike strukturele kenmerk van Matteus word nie deur McKnight gemeld in die bevestiging van die feit dat Matteus vanaf 14:1 Markus sterk navolg nie. Dit is dat Matteus se eie werk tot met hoofstuk 13 gekenmerk word deur die gebruik van triades (Davies & Allison 1988:62-72).

van sekere dele van Matteus tematies bepaal, eerder as deur kronologie of historiese opeenvolging. Matteus se patroon is dus grotendeels tematies bepaald (kyk McKnight 1992:530). Vyfdens, word 'n volledige weergawe van die struktuur van die Matteus-evangelie en Matteus se redaksionele veranderings en rangskikkings in ag geneem. Die redaksionele verskille dui op Matteus se unieke teologiese perspektief (kyk Donaldson 1985 ten opsigte van die bergmotief).

## 3. VERSKILLENDE MODELLE VIR DIE STRUKTUUR VAN DIE MATTEUS-EVANGELIE

Die navorsing het met die jare verskillende modelle gebruik om die struktuur van die Matteus-evangelie aan te toon (McKnight 1992:529-532). Vervolgens gaan 'n kort oorsig gegee word van die topologies-biografiese model, die chiasties-konsentriese model en laastens sal 'n model voorgestel word wat die verband tussen topologie en die struktuur van Matteus aantoon. Die voorgestelde model is 'n kombinasie tussen eersgenoemde twee modelle en Crosby (1988) se model.

### 3.1 Die topologies-biografiese model

Die topologies-biografiese model is die oudste model in verband met die struktuur van die Matteus-evangelie. Matteus word ingedeel volgens die lewe en bediening van Jesus, wat strek vanaf Galilea op pad na Jerusalem. Allen (1912) het in sy kommentaar die volgende struktuur vir Matteus voorgestel:

- Geboorte en kindskap van die Messias (1:1-2:23);
- Voorbereiding vir bediening (3:1-4:11);
- Openbare bediening in Galilea (4:12-15:20);
- Bediening in Galilea (15:21-18:35);
- Reis na Jerusalem (19:1-20:34);
- Laaste dae van die Messias se lewe (21:1-28:20).


McKnight (1992:529) noem die volgende eienskappe van en kritiek op die voorgestelde struktuur van Matteus:

- Die perspektief stem ooreen met die negentiende en vroeë twintigste-eeuse perspektiewe op die lewe van Jesus.
- Die lewe van Jesus is so sentraal, dat die Lukaanse reismotief oorgedra word na die Matteus-evangelie. Matteus gee geen prominensie aan die reismotief as sodanig nie (Matt 19:1-20:34).
- Die resente evangelienavorsing fokus meer op die unieke teologiese perspektief van die onderskeie evangeliste, ’n aspek wat in bogenoemde struktuur geheel en al geïgnoreer word.

### 3.2 Die chiasties-konsentriese model

Lohr (1961; vgl ook Combrink 1985:79; Crosby 1988:55; Davies & Allison 1988:58-72; McKnight 1992:529) het in sy literêre analise die chiasties-konsentriese model van die struktuur van Matteus voorgestel. Matteus bestaan uit narratiewe en diskoerse wat mekaar afwissel, wat op sodanige wyse met mekaar verbind word, sodat ’n chiasties-konsentriese struktuur gevorm word. Die verbinding sluit sekere temas in wat deur Matteus ontwikkel is. Lohr se werk is wyd gekritiseer omdat dit nie die kronologiese data in die teks self in ag geneem het asook op die wyse hoe sekere gedeeltes verbind is nie. So byvoorbeeld, word die geboorte en begin van Jesus se lewe (Matt 1-4) verbind met die dood en opstanding (Matt 26-28). Die probleem is dat die struktuur nie die teologiese en literêre inhoud van die perikope van Matteus verteenwoordig nie. Die verbindings kan op die abstrakte vlak wel gevind word, maar dit ontbreek op die eksegetiese vlak. Wright (1983, 1984, 1990; vgl ook Martens 1981:112) se driehoekmodel[3], wat aantoon dat huis en land die sentrale metafore binne die konteks van die Bybelse jubilee is, word bevestig deur Crosby (1988:55) en McKnight (1992:532) se navorsing op die struktuur van Matteus.

[3] Die driehoekmodel sluit baie sterk aan by die gebruik van triades in die struktuur van Matteus (kyk Davies & Allison 1988:62-72 vir ’n volledige oorsig van die triades in Matteus).




Crosby (1988:55) sluit aan by bogenoemde ringskomposisie of chiastiese struktuur van die Matteus-evangelie, maar hy verskil in die opsig dat die klem op die belangrikheid van huis (*oikos/oikia*) val. Huis is nie net 'n plek nie (d w s topologie nie), maar ook 'n teologiese belangeruimte. Die huisgesin staan wel in die sentrum, soos reeds aangetoon, maar Crosby verskil oor die aard van die familie. Die familie in Matteus verwys nie na bloedfamilie nie, maar na *fictive kinship*. Hierdie strukturele kenmerke met die klem op die landskap, topologie en huishouding sal verder gebruik word in die uiteensetting van die navorsing op Matteus. Daar is 'n direkte verband tussen topologie as teologiese belangeruimte en die struktuur van Matteus. Die huis is in die sentrum van die konsentriese struktuur, maar die bediening kring verder uit na die wêreld (*oikonomos*) of al die nasies. Dus is die *uitkring-effek* sigbaar in die struktuur van Matteus sowel as in die topologie as teologiese belangeruimte.

Die chiasties-konsentriese model van die struktuur van die Matteus-evangelie, met die fokus van Crosby (1988) op die huisgesin as die sentrum, kan soos volg weergegee word:

PROLOOG: Genealogie,geboorte en kinderjare (1:1-2:23)
NARRATIEF: Doop, versoeking, Kapernaum (2:24-4:25)
DISKOERS: Saligsprekinge en geregtigheid in die huishouding (5:1-7:29)

NARRATIEF: Gesag en genesing (8:1-9:38)
DISKOERS: Missie na en van die huis (10:1-11:1)

NARRATIEF: Verwerping deur hierdie geslag (11:2-12:50)
DISKOERS: Gelykenisse van God se heerskappy vir huiseienaars (13:1- 53)

NARRATIEF: Erkenning deur die dissipels (13:54-17:23)
DISKOERS: Huisorde en kerkdissipline (17:24-19:1)

NARRATIEF: Gesag en uitnodiging (19:2-22:24)
DISKOERS: Weë teen die huis van Israel en seën vir regverdige dade (23:1-26:1)

KLIMAKS: Lyding, dood en opstanding (26:1-28:20)

Die chiastiese struktuur van die vyf diskoerse word bepaal deur die frase van Jesus: *en toe Jesus klaar gepraat het ...*, waarmee elke diskoers afsluit (Clark & de Waard 1982:1-93; Crosby 1988:55). Die middelpunt van die chiastiese struktuur is die derde boek, naamlik Matteus 11:2-13:53. In die narratief Matt 11:2-12:50 word Jesus deur *hierdie geslag* verwerp. Volgens Crosby (1988:56) bestaan die volgende diskoers (Matt 13:1-53) uit twee dele: die gelykenisse wat met die Jode gedeel word *buite die huis,* maar hulle verstaan dit nie (Matt 13:1-35); en Jesus wat die *huis ingaan* en die gelykenisse wat met die dissipels *binne die huis* gedeel word en hulle verstaan dit (Matt 13:36-53). Davies & Allison (1988:62) toon daarteenoor die kompleksiteit van die struktuur van Matteus 13 aan. Hulle deel Matteus 13 op in vers 1-23, 24-43 en 44-50. Die drie afdelings van Matteus 13 bestaan elkeen weer uit triades. Vers 51-53 is ’n samevattende opmerking.

Die gevolgtrekking is dat daar ’n direkte verband is tussen die topologiese data van Matteus en die struktuur van Matteus. Die *uitkringeffek* word in die

struktuur van die Matteus-evangelie sowel as in die topologie as teologiese belangeruimte gereflekteer. Dit is sigbaar in die uitgaan en ingaan in die huis en in die verwerping van Jesus deur die huis van Israel teenoor die uitgaan na al die nasies.

### 3.3 Die topologies-chiastiese model (gekombineerde voorstel)

McKnight (1992:529-532) gee ’n kort en insiggewende historiese oorsig in verband met die struktuur van die Matteus-evangelie. Die volgende struktuur is ’n kombinasie van topologiese en literêre komponente binne die Matteus-evangelie. Die struktuur beklemtoon die belangrikheid van *landskap en topologie* en geniet dus voorkeur. Clark & de Waard (1982:1-8) struktureer Matteus op narratologiese vlak, naamlik as drie bedrywe, wat elkeen afsonderlik bestaan uit verskillende tonele en episodes. Die struktuur stem ooreen met McKnight (1992:529) en beklemtoon die topologiese verdeling by die derde bedryf: in Matteus 19:1 verlaat Jesus Galilea op pad na Jerusalem.

Die belangrikste literêre en redaksionele kenmerk van die Matteus-evangelie is die afwisseling tussen die narratiewe perikope en diskoerse. Die narratiewe en diskoerse binne die Matteus-evangelie vorm ’n *ringskomposisie (chiasme)*. Die kern van die konsentriese sirkels is Matteus 13 waar Jesus fokus op die koninkryk van die hemel. Die vyf diskoerse staan uit binne die reliëf van die landskap van Matteus (kyk Donaldson 1985). Bogenoemde twee eienskappe is belangrik vir Matteus se ordening van sy materiaal (McKnight 1992:531). Die volgende strukturele voorstelling organiseer die twee strukturele kenmerke volgens ’n belangrike geografiese of kronologiese plot:

Proloog (1:1-2:23)
Inleiding (3:1-4:11)

**1. Die Messias konfronteer Israel in sy bediening in Galilea (4:12-11:1)**

1.1 Narratiewe inleiding (4:12-22)
Samevatting (4:23-25)

1.2 Diskoers: Die Messias se oproep om geregtigheid (5:1-7:29)
1.3 Narratief: Die Messias se bediening (8:1-9:34)
Samevatting: (9:35; kyk bv 4:23, 25)
1.4 Diskoers: Die Messias verleng sy bediening (9:36-11:1)

**2. Die reaksie teenoor die Messias: Verwerping en aanvaarding vanaf Galilea tot Jerusalem (11:2-20:34)**

2.1 Narratief: Die Messias word verwerp deur die Joodse leiers, maar aanvaar deur die dissipels (11:2-12:50)
2.2 Diskoers: Die Messias onderrig in verband met die koninkryk (13:1-53)
2.3 Narratief: Die Messias word verwerp deur die Joodse leiers, maar aanvaar deur die dissipels: Reaksie intensifiseer (13:54-17:27)
2.4 Diskoers: Die Messias se bevele ten opsigte van gemeenskapslewe (18:1-19:1)
2.5 Narratief: Die Messias se bevele op weg na Jerusalem (19:2-20:34)

**3. Die Messias begin die koninkryk van die hemel deur verwerping en regverdiging: Jesus die Messias konfronteer Jerusalem (21:1-28:20)**

3.1 Narratief: Die Messias konfronteer Israel in Jerusalem (21:1-22:46)
3.2 Diskoers: Die Messias voorspel die oordeel oor die ongelowige Israel (23:1- 26:2)
3.3 Klimaks: Die Messias word verwerp in Jerusalem, maar geregverdig deur God met die opstanding (26:3-28:20)

Inhoudelik kan afgelei word uit die struktuur van Matteus dat Jesus op die platteland aanvaar is, maar dat Hy in die stede, veral Jerusalem, verwerp is. Die weerstand teen Jesus neem progressief toe binne die plot van Matteus asook in die geografiese beweging in die plot van Matteus.

## 4. DIE TOPOLOGIE EN PROLOOG

### 4.1 Inleiding

Die doel van die huidige studie is om die ruimtelike aspekte en topologie van Matteus uit te lig en te fokus op die plek en funksie daarvan binne die struktuur van Matteus. Die topologie of ruimtelike aspekte sal verder ondersoek word binne die konteks van die sosiaal-wetenskaplike model van die gevorderde agrariese samelewing van die eerste eeu (vgl Carlston 1975; Kingsbury 1975). Evangelienavorsing het aangetoon dat die evangeliegenre duidelike kenmerke van ’n narratief toon. ’n Plot is kenmerkend van ’n narratief (vgl Matera 1987:233-239). ’n Goed gestruktureerde plot is ’n geheel wat bestaan uit ’n begin, middel en einde. ’n Plot word bepaal deur tyd en oorsaaklikheid. Om van tyd te praat, is om van begin, middel en einde te praat. Die gebeure in ’n verhaal beweeg na ’n spesifieke doel, daarom het tyd ’n einde in ’n narratief. Die einde van die narratief help die leser om die plot te onderskei. Die oorsaaklikheid bepaal die interrelasie tussen die onderskeie gebeure, totdat die finale doel of konklusie bereik is. Dus, is die gebeure in ’n narratief korrelerend en vorm dit ’n eenheid. In Matteus se narratief beweeg die storie van belofte na vervulling (Matera 1987:239).

Matteus se topologiese inligting hou verband met die vervulling van Ou-Testamentiese beloftes: die geboorte van Jesus in Betlehem (Matt 2:1-8; Mig 5:1), vlug na Egipte (Matt 2:13-15; Hos 11:1), Ragel se graf naby Betlehem (Matt 2:16-18; Jer 31:15), die lewe in Nasaret (Matt 2:22-23; Jes 11:1), en die gebiede van Sebulon en Naftali (Matt 4:12-16; Jes 9:1-2). Die bergrede (Matt 5:1) herinner aan die wetgewing op Sinai. Die stede Tirus en Sidon is paradigmaties van Jesus se verblyf in die heidense gebied. Alhoewel Jesus se bediening gefokus is op die Joodse distrikte van Galilea en Jerusalem (Matt 10:5-6), werk Jesus ook in gebiede met Joodse minderheid (Dekapolis en Transjordanië). Die topologiese inligting dui op ’n voorkeur vir Palestynse gebied. Jerusalem en omgewing, asook Kapernaum figureer baie sterk in Matteus (Riesner 1992:45).

Donaldson (1985:111-114, 116-117; vgl Combrink 1991:8; Grassi 1989:23-29; Hagner 1993) wys op die belangrikheid van Jesus as die nuwe

Moses. Niedner (1989:45) toon aan dat daar geen begronding is vir die hipotese dat Jesus Moses oortref of selfs tot niet maak nie. Jesus leer nie ’n nuwe *tora* nie, maar ’n *halaka* wat getrouheid en gehoorsaamheid aan die *tora* beklemtoon. Veral die geboorteverhale toon duidelike ooreenkomste, onder andere die bose koning wat die toekomstige verlosser van God se volk wil doodmaak; verlossing deur self-opgelegde ballingskap (vlug na Egipte) en die dood van baie kinders.

### 4.2 Die genealogie van Jesus

Matteus se genealogie openbaar ’n teologiese verklaring, eerder as ’n biologiese verslag. Matteus se genealogie toon aan dat Jesus se oorsprong in ’n spesifieke huishouding is, die familie van Abraham en Dawid. Volgens Matteus is Josef die persoon deur wie die genealogie van Jesus vervul word. Die hele verhaal fokus op die geboorte van die Messias en hoe die teenwoordigheid van die Messias by die toekomstige geslagte sal voortduur (Crosby 1988:85). Crosby (1988:85) se hipotese is dat die genealogie van Matteus ’n verdere bevestiging is van die hipotese dat sy huiskerke welvarend is binne ’n stedelike konteks. Genealogieë is historiese rekords en dien as beskerming van die stedelike elite. Dit beskryf ’n familie se voorgeslagte en beskerm hulle prestige/eer. Malina & Rohrbaugh (1992:24, 25) toon daarteenoor die wye verskeidenheid van sosiale funksies van ’n genealogie:

> … preserving tribal homogeneity or cohesion, interrelating diverse traditions, acknowledging marriage contracts between extended families, maintaining ethnic identity, and encoding key social information about a person. Above all, genealogies established claims to social status (honor) or to a particular office (priest, king) or rank, thereby providing a map for proper social interaction.

Matteus se genealogie toon aan dat God se werk verrig kan word deur ryk en arm, mans sowel as vrouens. Crosby (1988:85) beskryf hoe Matteus deur middel van die genealogie van Jesus die bestaande orde herorden:

> Matthew’s reversal of traditional, patriarchal genealogies contradicted the established order. What challenged this “order” was his inclusion of outsiders in God’s ordering of the household of Israel. The inclusion of

> outsiders – women – undermined the traditional patriachal model and the exclusiveness of the accepted pattern of life. Once these women would not have been considered part of human plans.

Die *outsiders* het ’n belangrike plek en funksie in God se plan en hulle is instrumente van God se voorsienigheid. Hulle wat menslik gesproke ’n struikelblok is, is die geseënde voorgeslagte waardeur die Messias se geslagsregister voortduur. Alhoewel die meeste van die genealogiëe van die Nuwe Testament, trouens meeste van die genealogieë uit die gevorderde agrariese tyd van die Nabye Ooste patriargaal is, is Jesus se geslagsregister uniek. Malina & Rohrbaugh (1992:25) beskryf die patriargale aard van die geslagsregister soos volg:

> … they are important testimony to the male’s status as bearer of rights in the community. They tell who belongs socially with whom, define standing in the community, and even specify who might be an eligible marriage partner. Patrilineal genealogies thus carried considerable social freight and as a result became particularly important to the elite classes who used them to document their places in the community.

Die Messias se geslagsregister[4] strek deur die huishoudings van Abraham en Dawid (1:17). Dit kom tot ’n klimaks in die manier wat God die skepping herorden. Dit geskied deur Maria wat aan Josef verloof was. Haar swangerskap en geboorte van ’n kind is weerspieël deur die vooraf genoemde vrouens in die geslagregister (Jackson 2000a:935-948; Jackson 2000b:1043-1056). Crosby (1988:87) beskryf die kontinuiteit en diskontinuiteit met die patriargale aard van geslagsregisters soos volg:

[4] Volgens Barclay (1965) kan die numeriese verklaring van die genealogie van Jesus soos volg verduidelik word: Die genealogie word soos volg saamgevat: daar is drie stelle van veertien geslagte tot by Christus (1:17). Die getal veertien is van betekenis, omdat die Hebreeuse konsonante van Dawid altesaam veertien is (D=4; V=6; D=4 =14). Die een moonlike verklaring is volgens Crosby (1988:86; vgl Huffman 1992:254-259) soos volg: “Since three is a perfect number and Matthew had three sets of fourteen figures, the genealogy of David’s house is only perfected in Jesus Christ. His household will be the new Israel of men and women through whom God will continue to be present in creation.” Die ander moontlikheid is dat die getalle 6 keer 7 = 42 ook gebruik kan word. Ses is die getal van die mens en sewe die getal van God, dus in Jesus het God en mens bymekaar gekom.

> While some might see Matthew's genealogy as well as his stress on the angel's annunciation to Joseph rather than to Mary (as in Luke) as manifestations of Matthew's androcentrism, two factors must be remembered. First, Matthew wants to show continuity – how Jesus is part of the house of David; the genealogy through Joseph ensures this. Second, he wants to show discontinuity: that by having Mary conceive the child without her husband, God has acted in a radically new way in history – outside the patriarchal norm.
>
> Thus through Joseph the patriachal line continued. But through the woman, Mary, a new house-ordering would be established in the life and work of Jesus.

### 4.3 Betlehem in Judea (Matt 2:1-12)

Jesus is volgens die tradisie in Matteus (en Lukas) gebore in Betlehem, die stad van Dawid. Josef het waarskynlik volgens Matteus (maar nie volgens Lukas nie) in Betlehem gewoon. Hy moes as gevolg van ’n belastingsensus daarheen gaan, omdat hy volgens Riesner (1992:34) grond daar besit het. Betlehem is ses kilometer suid van Jerusalem en beteken *huis van brood*. Dit was geleë op die vrugbare platteland. Betlehem was op ’n heuwel wat omring is deur *berge*. Betlehem[5] was volgens die Miga-tradisie (vgl Rut 4:11-12, 17-22) die stad waaruit die Verlosser van Israel sou kom, uit die nageslag van Dawid. Jesus oortref Dawid, die lankverwagte gesalfde van God. Die huise in Betlehem is op die rante van die heuwel, wat van kalksteen was, gebou. Dit was algemeen dat die kalksteen onder die huise uitgekalwe is om ’n stal te vorm. Dit is in sodanige stal waar Jesus waarskynlik gebore is (Barclay 1965:15).

Malina & Rohrbaugh (1992:33) toon aan dat Matteus Judea en Galilea met mekaar kontrasteer. Hulle wys op die kontras tussen Judea en Galilea, maar brei nie verder uit op die teenstrydighede tussen die twee gebiede nie. Die kontras kan waarskynlik gesoek word in die houding teenoor Jesus, naamlik dat Judea die plek is waar die antagonisme teen Jesus begin en dat Galilea die plek is waar Jesus as die Seun van God aanvaar word en waar Hy weer sal verskyn.

[5] Betlehem van Judea is die plek waar Jesus, die koning van die Jode gebore is. Die term “Jode” word verkeerdelik gebruik vir die inwoners van Judea (*Ioudaios*). Malina & Rohrbaugh (1992:32, 33) wys tereg op die verkeerde gebruik van die term Jode. Matteus gebruik nie die woord Jood/Jode nie, maar verwys na die plek as Judea, die aangrensende gebied van Galilea en Perea. Judeër dui dus ’n persoon aan uit die gebied van Judea wat deel is van die groter gebied, Israel. Pilch (1997:119-125) sluit aan by Malina & Rohrbaugh (1992:32, 33) in verband met die gebruik van die term Jood/Jode.

Davies & Allison (1988:93) toon aan dat die eerste vier hoofstukke ’n antisipasie (*prolepsis*) is van wat later met Jesus in die narratief gebeur (vgl Matera 1987:233-253). Die prolepsis word op drie maniere uitgedruk:

- Eerstens, is hoofstuk 2 ’n antisipasie van die lydensverhaal. Na Jesus se geboorte in Betlehem van Judea is die hele Jerusalem ontsteld (Matt 2:3); die priesterhoofde, skrifgeleerdes en Herodus het saamgesweer teen Jesus (Matt 2:4-5); en Jesus se lewe word bedreig (Matt 2:13). Verder is daar verbale ooreenkomste tussen die geboorteverhaal en die lydensverhaal. Met Jesus se intog in Jerusalem as “seun van Dawid” (Matt 21:10) word weer ’n keer vertel dat die inwoners van Jerusalem ontsteld was.

- Tweedens, alhoewel Jesus eers na die opstanding die dissipels beveel om die evangelie aan die heidene te verkondig (Matt 28:19), word die heidensending geantisipeer in Matteus 1:1 (Jesus, die seun van Abraham); deur die besoek van die wyse manne[6] uit die Ooste (heidene) (Matt 2:1); deur Johannes die Doper wat sê dat God nuwe kinders vir Abraham sal verwek (Matt 3:9); en Jesus se verskyning in Galilea van die heidene (Matt 4:15).

- Derdens, is Johannes se arrestasie (Matt 4:12) ’n vooruitskouing van Jesus se gevangeneming: die ware profeet sal oorgelewer word (Matt 14:2).

In aansluiting by die narratologiese model, waarvolgens plekke belangeruimtes is, kan gestel word dat Betlehem in Judea en Egipte teenoorgestelde belangeruimtes verteenwoordig. Alhoewel Judea (Betlehem) die geboorteplek van die beloofde Messias en vervulling van die Ou-Testamentiese belofte is, het dit ’n negatiewe konnotasie. Judea is die ruimte of plek van die Judese leiers wat saam met Herodus ’n komplot teen Jesus smee, met die doel om Hom dood te maak. Daarteenoor, is Egipte ’n veilige toevlugsoord waar Jesus en sy ouers gaan skuil, totdat Herodus en hulle wat die lewe van die Messias gesoek het, dood is.

---

[6] Sim (1999:18) kom tot die gevolgtrekking dat die bewyse van die oënskynlike konsensus rondom die feit dat die wyse manne heidene was, baie twyfelagtig is. Dit is daarom nie moontlik om die ras van die wyse manne te bepaal nie. Hulle kon waarskynlik ook Jode gewees het.

### 4.4 Vlug na Egipte (Matt 2:13-15)

Josef is in 'n droom gewaarsku dat Herodus die Grote vir Jesus wil doodmaak en dat hulle na Egipte moet vlug. Die vlug na Egipte is 'n natuurlike proses. In tye van swaarkry, vervolging of marteling het die Jode na Egipte gevlug vir skuiling. In baie stede of dorpe in Egipte was daar 'n Joodse nedersetting (Barclay 1965:24). Josef en Maria was dus nie alleen in Egipte nie. Hulle het skuiling gaan soek teen die wrede Herodus die Grote, waarskynlik in sodanige Joodse nedersetting (Barclay 1965:24, 25). Hagner (1993) stel daarteenoor dat Josef na Egipte gevlug het om onder die gesag van Herodus uit te kom. Hagner ondersteun nie Brown se teorie van 'n "vlug na Egipte" tradisie nie. Ook hierdie gedeelte word beskou as 'n vervulling van die Ou-Testamentiese profesie (Hos 11:1). Die vlug van Josef met Jesus na Egipte sluit sterk aan by die Moses-tipologie[7] (Donaldson 1985:8; Niedner 1989:43-45; Combrink 1991:7; Riesner 1992:44).

Jesus, die Seun van God en Israel is albei noodgedwonge in Egipte en beide is deur die voorsienigheid van God gered. Matteus beskryf Jesus as die realisering en kulminering van die geskiedenis van Israel (Hagner 1993). In Egipte, in die eksodus en in die woestyn (Matt 4:1-11) is Jesus die beliggaming (*embodiment*) van Israel. Jesus antisipeer die oorwinning van Israel, maar deel ook in Israel se lyding. Israel se geskiedenis bereik 'n hoogtepumt in die eskatologiese verlossing van die sondes van die volk van God in Christus.

### 4.5 Nasaret (Matt 2:22-23)

Nasaret was nie 'n vergete en afgeleë dorpie nie. Dit het bestaan uit 200 inwoners. Dit was naby die hoofstad van Galilea, Sefforis, met sy teater wat deur Herodus die Grote gebou is. Verder was dit geleë op een van die hoof handelsroetes van die Romeinse Ryk, die pad van Egipte na Damaskus. Nasaret

[7] Niedner (1989:43-47) toon oortuigend aan dat Matteus in kontinuïteit met die Ou Testament staan en nie anti-Judaïstiese en anti-Jerusalemse propaganda versprei het nie. Grassi (1989:23-29) beklemtoon weer die sterk ooreenkomste tussen Matteus en Deuteronomium, onder andere ten opsigte van 'n Moses-tipologie en die verkondiging van gehoorsaamheid aan die *tora*.

was op ’n heuwel geleë en nie ’n stad in die ware sin van die woord nie, maar eintlik ’n nedersetting. Die gebeure rondom Jesus se lewe word uitgebou met ’n profesie (Jes 11:1) uit die Ou Testament, soos baie ander gebeure. Volgens Barclay (1965:30-32; kyk Riesner 1992:36) het Jesus opgegroei in Nasaret en sy onderrig daar in die sinagoge gekry. Die stelling is uiters spekulatief. Daarteenoor wys Hagner (1993) op die problematiek van Nasaret as die plek waar Jesus opgegroei het soos volg:

> The fact, however, that Jesus’ hometown was Nazareth rather than Bethlehem constituted a problem, as can be seen from the Johannine passage (Joh 7:41-42 – GV). This problem was certainly still raised by Jews in Matthew’s day and probably accounts for Matthew’s emphasis on Bethlehem in chap. 2 and the inclusion of the explanation of how Jesus came to dwell in Nazareth. But this does not mean that the early Christians found it necessary to invent a tradition about Jesus’ birth in Bethlehem (cf Luke 2:4, 15).

## 5. DIE LEWE EN WERK VAN JESUS IN GALILEA

### 5.1 Inleiding

’n Vorige ondersoek (Volschenk 2001:284) op grond van sekere sosiaal-wetenskaplike modelle het aangetoon dat die volgende aspekte grondliggend is aan ’n verruimde perspektief op die Bybelse jubilee, naamlik:

- Die familiale instelling as primêre instelling;
- Pre-industriële stad of platteland;
- Grondbesit of grondonteiening;
- Sosiale stratifikasie in Palestina.

Die gevolgtrekking is dat die geïdentifiseerde temas rondom die jubilee grondliggend is aan die Matteus-evangelie. Matteus se drieledige struktuur soos deur McKnight (1992:531) bespreek, asook die opeenvolging van begin, middel en einde, sal gebruik word as vertrekpunt vir die studie van Matteus. Op grond

van 'n interdissiplinêre ondersoek vestig Freyne (1995:597) die aandag op die gebruik van die resultate vanuit die argeologie, sosiaal-wetenskaplike benadering deur Nuwe-Testamentici met die doel om deur middel van modelle 'n breë verwysingsraamwerk daar te stel waardeur die Nuwe-Testamentiese tekste geïnterpreteer kan word.

Die kritiek teen sommige hedendaagse navorsing is dat te veel in die teks ingelees (*eisegese*) word en dat in sirkels geredeneer word. Die navorsers kom met bepaalde vooronderstellings en vooraf opgestelde persepsies oor die Galilese sosiale wêreld en gee dan spesifieke voorstellings van Jesus wat daarby pas. Freyne (1995:598) beskryf die sirkel redenasie soos volg:

> What concern us here is the way which the Galilean social world can so easily be manipulated to suit the particular Jesus figure that is being presented. The problem is exacerbated by the fact that the gospels, the very documents that provide us with acces to Jesus, are also quite important literary evidence for reconstructing the larger picture. When it comes to dealing with Galilee it is difficult, even for critical scholars not to put Jesus at the center and paint the picture of the region accordingly.

'n Verdere kritiek teen resente navorsing oor sosio-historiese agtergronde is die fokus op die Mediterreense wêreld in die algemeen, in plaas van om te fokus op spesifieke geografiese plekke soos Galilea (Freyne 1995:598). Die huidige artikel ondersoek daarteenoor die plek en funksie van Galilea as geografiese ruimte, maar ook as teologiese belangeruimte in Matteus binne die konteks van die gevorderde agrariese samelewing van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld.

### 5.1.1 Die topologie van Galilea

Jesus se bediening het in Galilea begin. Elke evangelis grond die optrede van Jesus binne 'n spesifieke sosiale wêreld van Galilea. Daarom is dit belangrik dat die sosio-historiese en ekonomiese agtergrond van Galilea in ag geneem word (kyk Stemberger 1975). Alhoewel Galilea in die groter kulturele, sosiale en historiese konteks geplaas moet word, moet die topologiese, historiese en sosio-kulturele konteks van die spesifieke plek gerekonstrueer word.

Die topologie, veral die Galilese topologie,[8] is baie prominent binne die evangelies. Verder wys sommige geleerdes op die simboliese betekenis van die topologiese data deur die onderskeie evangeliste (vgl Lohmeyer 1967). Die fokus op die simboliese betekenis beteken nie dat die fisiese topologie onbelangrik is of van geen betekenis is nie. Die vraag wat gevra moet word, is: Wat is die plek en funksie van die topologiese inligting van die evangelies? Fokus die evangeliste nie eerder op die spesifieke teologiese of ideologiese perspektief van die evangelis nie? Wat is die verband tussen die fisiese topologie en die simboliese betekenis? Die topologiese inligting is nie net blote stopwoorde sonder enige intensie of werklike referensie nie (Freyne 1995:600, 601). Argeologiese data (potskerwe en munte) toon duidelik aan dat handel in Galilea gefloreer het en dat die handel interregionaal en tussen die onderskeie etniese groepe plaasgevind het (kyk Crossan:1998:223-235). Die ontdekking van munte bevestig dat handel tussen onderskeie kulture en godsdienste plaasgevind het. Die politieke en historiese realiteit bevestig die beweging tussen Joodse en heidense gebiede in die tyd van Jesus. Die vyandskap tussen Jood en nie-Jood in die Hellenistiese stede in die tyd voor die groot opstande, is dus ’n uitsondering. Die werklike godsdienstige en etniese onderskeid het sigbaar geword wanneer die Joodse selfidentiteit bedreig was (Freyne 1995:601).

### 5.1.2 Sefforis, Tiberias en die eksploitasie van die kleinboere

Die topologiese en historiese data is ’n belangrike konteks (*subteks*) vir die verstaan van Jesus se bediening in Galilea. Sefforis en Tiberias simboliseer die vinnige sosiale verandering in Galilea in die tyd van Jesus onder Herodus Antipas. Ten spyte van bogenoemde stede se groot en belangrike rol, word hulle nie in die evangelies genoem nie. Antipas het ’n intense strewe gehad om koning te word, daarom het hy ’n doeltreffende administratiewe stelsel en ’n wye reeks ondersteuners gehad (vgl Volschenk 2001:327-329). Hulle het verseker dat die administrasie floreer in die welvarende ekonomiese samelewing van die agrariese wêreld. Antipas se regering word gekenmerk deur die ekonomiese

[8] Donaldson (1985:202, 284) verbind die bergmotief en Galilea baie sterk met mekaar. Matteus verbind die drie belangrikste berge in Galilea binne die plot van die verhaal.

ontwikkeling van Galilea, teenoor die teenstand van die Joodse patriargale sisteem.

Ten spyte van die simbiotiese verhouding tussen stad en platteland, het die stedelike elite gewedywer in die uitbreiding van hulle bronne. Hulle is later opgeneem in die Romeinse provinsiale regeringsklas. In Galilea was die Herodiane deel van die regeringsklas. Die bouprojekte in Sefforis en Tiberias het baie arbeid geverg en waarskynlik is dwangarbeiders gebruik. Die afleiding kan gemaak word dat bogenoemde situasie die omstandighede van die kleinboere bemoeilik het en hulle skuldlas vergroot het. Skuld was dan ook een van die hoofoorsake van die Joodse kleinboeropstand (vgl Volschenk 2001:301-319). Die stedelike elite het die kleinboere op die platteland geëksploiteer, sonder produktiewe herinvestering op die platteland. Die sosiale opstand geld ook vir die aanvalle van die Galilese kleinboere op Sefforis en Tiberias (Freyne 1995:606). Malina & Rohrbaugh (1992:33) wys daarop dat dit slegs die non-elite is wat Jesus geken het as die Galileër, teenoor die Romeine wat Jesus as "koning van die Judeërs" geken het. Sefforis en Tiberias was nie stede (*poleis*) in die ware sin van die woord nie. Hulle was administratiewe sentra met 'n minderheid Joodse aristokrasie en 'n groot groep ondersteuners. Tiberias het dus 'n gemengde sosiale stratifikasie gehad. Dit blyk uit navorsing dat grondbesit 'n bron van stryd was. Grondbesit in Galilea was die hoofbron van ekonomiese oorlewing. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat grondbesit in Galilea van gemengde aard was: daar was groot grondeienaars (meesal afwesige eienaars wat in stede gewoon het) en daarteenoor die gewone familiegrond wat gebruik is vir selfversorging. Die situasie van die kleinboer het verswak deur die hoë belastings en skuld (vgl Freyne 1995:607; Volschenk 2001:301-305).

### 5.1.3 Agoniese samelewing: wedywering tussen bestaansekonomie en markekonomie

Die druk op die kleinboere het geweldig toegeneem in die tyd van die Herodiane. Die twee botsende persepsies oor grondbesit het die spanning tussen die groepe verhoog. Die groot afwesige grondeienaars het toegeneem en die kleinboere moes die grootste deel van die belastinglas dra (Fiensy 1991:55-57; Freyne

1995:608). Die verswakte posisie van die kleinboer word soos volg deur Freyne (1995:608) beskryf:

> The intensification of the market that is represented in the emergence of Sepphoris and Tiberias as administrative centers within an agrarian economy brought about considerable changes in the lives of Galilean peasants. In such a climate it is the small land-owner that is most vulnerable since there is no protection built into the system against the failure of a bad harvest, illness or some other catastrophe. By contrast leaseholders may be fortunate enough to be protected by a benign landlord in a culture where magnanimity could be seen as worthy of honour within a patron-client relationship.

Die botsende persepsies oor grondbesit kan uitgebrei word na twee botsende ekonomiese sisteme, naamlik bestaansekonomie teenoor ’n markgerigte ekonomie. Die bestaansekonomie het deur middel van resiprositeit in die behoeftes van die uitgebreide familie en armes voorsien, terwyl die markgerigte ekonomie die elite in die stede bevoordeel het. Dit het gelei tot die stryd tussen die stad en platteland. Dit is die situasie wat in Galilea gegeld het in die tyd van die Herodiane. Die stryd het waarskynlik gewoed tussen Sefforis en Tiberias as stede aan die een kant en die Galilese platteland aan die ander kant. Stad en platteland verteenwoordig volgens Freyne (1995:609) twee teenoorgestelde waardesisteme binne ’n wen-verloor situasie.

Die stede in die sentrum was ’n konsentrasie van magsmiddele wat die platteland op die periferie geëksploiteer het. Ekonomiese produksie en arbeid het net in een rigting beweeg, vanaf die platteland na die stede, wat dui op eksploitasie (parasitiese verhouding). Die stede is teologiese belangeruimtes waar weerstand teen Jesus gebied word, terwyl die platteland (bv Galilea) daarteenoor die sentrum is van Jesus se bediening waar Hy aanvaar word. Bogenoemde gevolgtrekking is ook duidelik sigbaar in die topologies-chiastiese struktuur van die Matteus-evangelie.

### 5.1.4 Jesus se bediening in Galilea

Freyne (1995:614) kom tot die gevolgtrekking dat Jesus se kritiek gerig was teen die Herodiaanse koningshuis met al hulle intriges rondom die verdeling van

Herodus die Grote se erfgoed. Hierin het Herodus Antipas ’n groot rol gespeel. Freyne (1995:612-616) poog om ’n breë politieke verwysingsraamwerk te skep waarteen die bediening van Jesus in Galilea geïnterpreteer kan word. Die apokaliptiese wêreldbeskouing dien as die konteks waarteen Jesus se kritiek teen die wêreldse heersers en konings gelees kan word. Jesus kritiseer hulle vir die misbruik van mag en prestige. Hierdie uitsprake van Jesus kan nie anders as uitdagend en ondermynend verstaan word nie. Die huidige vreemde heersers is dus deel van die bose en afvallige era, wat deur God se regverdige heerskappy oor die armes vervang sal word. Die vinnige sosiale verandering in die tyd van Jesus het traumatiese gevolge ingehou en regverdig die profetiese oordele en reaksie in die woorde van Jesus.

Vervolgens sal ’n breë verwysingsraamwerk van die ekonomie van Galilea gegee word. Die bediening van Jesus behoort dan teen hierdie agtergrond geïnterpreteer te word. Die vinnige ekonomiese veranderings het gepaard gegaan met botsende waardes. ’n Verandering van ’n bestaansekonomie na ’n markekonomie het plaasgevind. Die persepsie van ’n teokratiese ideaal in verband met grondbesit waar die beginsel van resiprositeit gegeld het, het te staan gekom teen ’n persepsie van grond as ’n bron van ekonomiese produktiwiteit (Freyne 1995:616). Die Galilese kleinboere het die ideaal van eie grond en selfvoorsiening nagestrewe, teenoor die Herodiaanse elite wat grondbesit beskou het as ’n verhandelbare kommoditeit en bron wat winste moes oplewer. Sefforis en Tiberias het die ekonomiese sentra geword wat teenoor die Galilese kleinboere gestaan het. Die stryd tussen stad en platteland het uitgeloop op die kleinboeropstande. Die realiteit van skuld en grondonteiening het ook die familiale instelling bedreig. Die familie het verbrokkel en die lot van die kleinboere het soms versleg van eienaar na huurder, dagloner, slaaf of rower. Die kleinboer en sy bestaansekonomie het gebots met die markekonomie wat gefokus het op gespesialiseerde vaardighede en optimalisering van bronne.

Die Jesus-beweging het as ’n Israelitiese vernuwingsbeweging nuwe waardes verkondig aangaande die Koninkryk van God, familie en besittings. Die beweging het ook profeties-krities teenoor die Herodiaanse elite opgetree (vanuit

’n apokaliptiese perspektief) (Freyne 1995:618, 619). Jesus het die aard van die patriargale familie uitgedaag en ’n gemeenskap voorgestaan wat gegrond is op liefde, vergiffenis en resiprositeit. Ten slotte bevestig Freyne (1995:619) vorige navorsing dat die simboliese sisteme van tempel en land baie sterk figureer in die Ou Testament en Nuwe Testament. Bogenoemde sosio-historiese agtergrond van die topologie van Galilea dien as interpretasieraamwerk waarteen die bediening van Jesus en die Matteus-evangelie verstaan moet word. Die agtergrondstudie is gegrond op die sosiaal-wetenskaplike model van die gevorderde agrariese samelewing.

## 6. SAMEVATTING

Nuwe-Testamentici word beïnvloed deur onder andere die tydvak waarin hulle leef en die vooronderstellings van hulle eie navorsingsvoorkeure. Die oorsig in verband met die struktuur van die Matteus-evangelie bevestig bogenoemde stelling. Die gevaar bestaan ook dat die eksegeet ’n struktuur op die evangelie afdruk of inlees, sonder die nodige eksegetiese en strukturele begronding vanuit die teks self. Dit is belangrik om eksegetiese, strukturele (*genre/vorm*), redaksionele en inhoudelike merkers en argumente te kombineer om sodoende ’n saamgestelde struktuur van die Matteus-evangelie daar te stel. Die nalaat daarvan het veroorsaak dat die belangrikheid van huis, land/berg en topologie uit die oog verloor is. Die doel van hierdie studie is juis om die fokus te plaas op die huis, land en topologie as teologiese belangeruimtes binne die struktuur van die Matteus-evangelie.

Die genealogie van Jesus het ten doel om die identiteit van Jesus bekend te maak. Die doel is tweeledig, naamlik eerstens, dat Jesus uit die patriargale, koninklike geslag van Dawid afstam en tweedens, dat daar ’n verruiming is van die huis of familie. Die geslagsregister oortref die patriargale sisteem deurdat dit inklusief is en die sosiaal-veragtes wat in die patriargale sisteem randfigure is, naamlik die vrouens, melaatses, onreines, sondaars ensovoorts, insluit. Die patriargale sisteem was eksklusief. Die uitgebreide (*extended family/fictive kinship*) familie van Jesus sluit die aristokrasie sowel as die gemarginaliseerdes

van die samelewing in. Daar bestaan ’n direkte verband tussen die struktuur van Matteus en die topologiese beweging binne die evangelie. Die bloedfamilie buite die huis verstaan nie wie Jesus is nie, teenoor die *fictive kinship* (dissipels) binne die huis wat Jesus aanvaar en verstaan wie Hy is. Die topologiese beweging kring verder uit vanaf die huis van Israel (Jerusalem) wat Jesus verwerp, na die wêreld en al die nasies (vgl Matt 28:19-20).

Die funksie en betekenis van bogenoemde topologiese besonderhede in Matteus, is aan die orde gestel. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat topologiese data in Matteus belangrike *teologiese belangeruimtes* is. Judea is ’n negatiewe teologiese belangeruimte in Matteus. Dit is die plek waar Jesus se gesag en identiteit as Seun van God ontken en verwerp is. Dit is die plek waar die Joodse leiers saamsweer om Jesus dood te maak. Galilea en Jerusalem is teenoorstaande teologiese belangeruimtes. Die gevolgtrekking is dat Galilea tegelykertyd ’n positiewe en negatiewe teologiese belangeruimte is. Dit is positief omdat Jesus daar die Jode se sonde vergewe en na die opstanding aan die dissipels verskyn. Dit is negatief omdat dit ook die plek is waar die Joodse leiers Jesus verwerp. Jerusalem is die woonplek van die Joodse leiers en dus ’n negatiewe teologiese belangeruimte. Die gevolgtrekking is dat Jesus deur die stede (veral Jerusalem) verwerp is, maar op die platteland (veral Galilea) aanvaar is. Die weerstand teen Jesus neem progressief toe met die *geografiese beweging* van Jesus vanaf Galilea na Jerusalem. Dit is duidelik aangetoon in die ondersoek na die topologies-chiastiese struktuur van Matteus.

Met behulp van ’n sosiaal-wetenskaplike model van die gevorderde agrariese samelewing is ’n verwysingsraamwerk daargestel waarbinne die spesifieke sosio-historiese agtergrond van Galilea verstaan is. Hierdie studie gaan ’n stap verder en toon die belangrike plek en funksie van topografiese en geografiese besonderhede binne die struktuur van Matteus aan. Die eerste-eeuse Mediterreense samelewing staan bekend as ’n agoniese of wedywerende samelewing. Daar was ’n voortdurende wedywering tussen die stedelike elite en die plattelandse kleinboere. Die verskillende persepsies van grond was die bron van konflik. Dit was ’n stryd tussen ’n bestaansekonomie en ’n markgerigte ekonomie. Die kleinboere was ekonomies geëksploiteer, wat weer aanleiding

gegee het tot die verbrokkeling van die huisgesin. Die sosiaal-wetenskaplike model van die gevorderde agrariese samelewing verklaar die stryd tussen die stad en platteland as teologiese belangeruimtes. Jesus se bediening behoort teen bogenoemde agtergrond van die sosio-ekonomiese konteks van Galilea verstaan te word.

**Literatuurverwysings**


Barclay, W 1965. *Gospel of Matthew,* Vol 1. Edinburgh: Saint Andrews Press.

Byington, S T 1953-54. Jesus' mountain sides. *Expository Times* 65, 94.

Carlston, C E 1975. Interpreting the Gospel of Matthew. *Interpretation* 29, 3-12.

Clark, D J & De Waard, J 1982. Discourse structure in Matthew's gospel. *Scriptura* 9, 1-97.

Combrink, H J B 1982. The macrostructure of the Gospel of Matthew. *Neotestamentica* 16, 1-20.

Combrink, H J B 1991. Dissipelskap as die doen van God se wil in die wêreld, in Roberts, J H et al, *Teologie in konteks,* 1-31. Halfway House: Orion.

Crosby, M H 1988. *The house of disciples: Church, economics and justice in Matthew*. New York: Orbis Books.

Crossan, J D 1998. *The birth of Christianity: Discovering what happened in the years immediately after the execution of Jesus*. New York: Harper Collins.

Davies, W D & Allison D C 1988. *The Gospel according to Saint Matthew's: A critical and exegetical commentary, I-VII*. Edinburgh: T & T Clark.

Donaldson, T L 1985. Jesus on the mountain: A study in Matthean theology. Sheffield: JSOT Press. (*Journal for the Study of the New Testament Supplement Series.*)

Fiensy, D A 1991. *The social history of Palestine in the Herodian period*. Lewiston, NY: Edwin Mellen. (Studies in the Bible and early Christianity 20.)

Freyne, S 1995. Jesus and the urban culture of Galilee, in Fornberg, T & Hellholm, D (eds), *Texts and contexts: Biblical texts in their textual and situational contexts*, 597-622. Oslo: Scandinavian University Press.

Grassi, J A 1989. Matthew as Second Testament Deutoronomy. *BTB* 19, 23-29.

Hagner, D A 1993. *Matthew 1-13*. Dallas, Tx: Word. (Word Biblical Commentary 33A.)

Huffman, D S 1992. Genealogy. *Dictionary of Jesus and the gospels*, 253-259. Leicester: InterVarsity Press.

Jackson, G S 2000a. Are the "nations" present in Matthew? *HTS* 56(4), 935-948.

Jackson, G S 2000b. The complete gospel: Jesus and women via the Jesus Seminar. *HTS* 56(4), 1043-1056.

Kingsbury, J D 1975. The form and message of Matthew. *Interpretation* 29, 13-23.

Lohmeyer, E 1951. “Mir ist gegeben alle Gewalt. Eine Exegese von Mt. 28, 16-20”, in Schmauch W (Hrsg), *In Memorarium Ernst Lohmeyer,* 22-49. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.

Lohmeyer, E 1967. *Das Evangelium des Matthäus*. 4.Aufl. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht. (Kritisch-exegetischer Kommentar über das NT.)

Lohr, C H 1961. Oral techniques in the gospel of Matthew. *CBQ* 23, 403-435.

Malina, B J & Rohrbaugh, R L 1992. *Social-science commentary on the Synoptic Gospels.* Minneapolis, MN: Fortress.

Martens, E A 1981. *The plot and purpose of the Old Testament.* Leicester: InterVarsity Press.

Matera, F J 1987. The plot of Matthew’s gospel. *CBQ* 49(1), 233-253.

McKnight, S 1992. The Gospel of Matthew, in *Dictionary of Jesus and the Gospels*, 526-541. Leicester: InterVarsity Press.

Niedner, F A 1989. Rereading Matthew on Jerusalem and Judaism. *BTB* 19*,* 43-47.

Pilch, J J 1997. Are there Jews and Christians in the Bible? *HTS* 51(1 & 2), 119-125.

Riesner, R 1992. Archeology and geography: *Dictionary of Jesus and the Gospels*, 33-46. Leicester: InterVarsity Press.

Stemberger, G 1974. Galilee – Land of salvation? Appendix IV, in Davies, W D (ed), *The Gospel and the land,* 409-438. London: University of California press.

Volschenk, G J 2001. Eksegeties-metodologiese vooronderstellings van die ondersoek na die ekonomie in die leefwêreld van Matteus: Toegepas op land, grondbesit en die jubilee. DD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Wright, C J H 1983. *Living as the people of God: The relevance of Old Testament ethics*. Leicester: InterVarsity Press.

Wright, C J H 1984a. The use of the Bible in social ethics: Paradigms, types and eschatology. *Transformation* 1(4), 11-20

Wright, C J H 1984b. What happened every seven years in Israel? *The Evangelical Quarterly* 200, 129-138.

Wright, C J H 1990. *God’s people in God’s land: Family, land, and property in the Old Testament.* Grand Rapids, MI: Eerdmanns.

Wright, C J H 1992. s v Jubilee, year of *The Anchor Bible Dictionary*, 1025-1030. New York: Doubleday.